11 Julie 2010

Teks: Markus 14: 1-9.

Tema: **Voordelige vermorsing!**

Psalm 29:1

Prys die Here, hemelinge.

Hy verskyn in al sy mag.

Prys die Heer van alle dinge,

buig jul neer voor sy gesag.

Psalm 29:2

Hy, bewerker van die donder,

praat deur onweer hard en luid,

en tot op die waters onder

klink sy stem vol majesteit.

Psalm 29:3

God se stem laat blitse lewe;

daarmee kloof Hy seders oop.

Hy laat die woestyne bewe,

berge gaan voor Hom op loop.

Psalm 29:4

Wilde bokke laat Hy opruk,

Hy jaag hulle uitmekaar;

God se stem kan bosse kaal pluk,

kaal gestroop van bas en blaar.

Psalm 29:5

Bo die waters is sy woning.

Almal eer Hom met ontsag.

Ewig heers Hy as die Koning.

Vrede vind sy volk, en krag

Psalm 2:1

Wat dring en dryf die wilde heidendom,
dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom,
en wêreldgrotes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek
en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek
en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"

Psalm 2:6

Kom, dien die Heer en wees in Hom verblyd
met blydskap wat Hom huldig as die Heer, en kus die Seun in onderworpenheid, buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want gou kan God se gramskap jul verteer - net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul Heer, wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

<u>Psalm 4:3</u> (Staan)

Wil jul aan Hom 'n offer gewe?
Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe,
en Hom alleenlik aan te klewe,
op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë:
Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë,
sien op ons neer in mededoë,
verlig ons hart en ons gemoed!

Psalm 4:4

U het my hart meer vreug gegewe
as ander smaak in volop-tyd,
as hul deur skyngeluk verhewe,
by mos en koring lustig lewe
en fees hou in kortstondigheid.
Ek sal gerus gaan slaap in vrede
en ongestoord lê ek my neer;
want U alleen verhoor my bede,
U waak oor my in teënhede,
dat ek kan veilig woon, o HEER!

11 Julie 2010

Teks: Markus 14: 1-9.

Tema: **Voordelige vermorsing!**

Ps 20 : 2

Mag Hy sy heil en bystand stuur
uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun,
van waar u hulp sal kom.

Ps 20 : 4

Mag Hy, die ryke God, u gee
al wat u hart verlang!
Vervulling van wat u beraam -
mag u dié guns ontvang!

Ps 134 : 4

Laat, HEER, u seën op hul* daal,

u guns uit Sion hul* bestraal!

U wat beveel en - dit geskied,

wil, HEER, u seen oor hul* gebied!

Votum en
Groetseën

Psalm 29:1 (Staan)

Prys die Here, hemelinge.

Hy verskyn in al sy mag.

Prys die Heer van alle dinge,

buig jul neer voor sy gesag.

Psalm 29:2

Hy, bewerker van die donder,

praat deur onweer hard en luid,

en tot op die waters onder

klink sy stem vol majesteit.

Psalm 29:3

God se stem laat blitse lewe;

daarmee kloof Hy seders oop.

Hy laat die woestyne bewe,

berge gaan voor Hom op loop.

Psalm 29:4

Wilde bokke laat Hy opruk,

Hy jaag hulle uitmekaar;

God se stem kan bosse kaal pluk,

kaal gestroop van bas en blaar.

Psalm 29:5

Bo die waters is sy woning.

Almal eer Hom met ontsag.

Ewig heers Hy as die Koning.

Vrede vind sy volk, en krag

GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;

en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd, Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is

en die lyding van die hel ondergaan het;

wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;

opgevaar het na die hemel

en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.

Ek glo in die Heilige Gees;

Ek glo aan ‘n heilige, algemene Christelike kerk,

die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die liggaam en ‘n ewige lewe.

Amen, Amen, Amen.

Die wet van die Here



Verootmoedigingsdiens

Exo 20:1 Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:
2 "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
3 Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
4 "Jy mag nie vir jou ‘n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie.
5 Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat,
6 maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.
7 "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.

8 "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou.
9 Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet,
10 maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie.
11 Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.
12 "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.
13 "Jy mag nie moord pleeg nie.
14 "Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
15 "Jy mag nie steel nie.
16 "Jy mag nie vals getuienis teen ‘n ander gee nie.
17 "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie ‘n slaaf of slavin, ‘n bees of ‘n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."

<u>Psalm 63:2</u> (Staan)

Ek het voorheen, in stille wag,

U in u heiligdom betrag,

waar U in glans, aanbidd'lik skoon,

en alvermoënd sit ten troon.

Want bo ons lewe in kommernis,

wat sonder U geen lewe is,

skat ek u grote goedheid, HEER,

waarvoor my mond U dankend eer.

Psalm 63:3

Ek wil U prys my lewe lank,
my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer
my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem,
my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde in nag versink -
dan sal ek peinsend aan U dink.

Gebed

(sit)

Woord- en gebedsdiens

Markus 14:1-9 (teks: Mark 14:4)
14 Twee dae later sou dit die paasfees en die fees van die ongesuurde brood wees. Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes was op soek na ’n plan om Jesus op ’n slinkse manier gevange te neem en dood te maak.
2Hulle het gesê: “Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien oproer onder die volk kom nie.”
3Jesus was in Betanië in die huis van Simon die melaatse. Terwyl Hy aan tafel was, het daar ’n vrou gekom met ’n albaste fles egte, baie duur nardusolie. Sy het die fles oopgebreek en die inhoud daarvan op sy kop uitgegiet. 4Party van die mense het onder mekaar hulle verontwaardiging uitgespreek: “Waarvoor is hierdie vermorsing van reukolie? 5Hierdie reukolie kon vir meer as drie honderd silwermuntstukke verkoop en die geld vir armes gegee gewees het.” En hulle het teen haar uitgevaar.

6“Laat staan haar,” het Jesus gesê. “Waarom maak julle dit vir haar moeilik? Sy het ’n goeie daad aan My gedoen. 7Julle het tog altyd armes by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen, maar vir My het julle nie altyd by julle nie. 8Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my begrafnis. 9Dit verseker Ek julle: Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot ’n herinnering aan haar.”

Prediking

Bevestiging van br Jan de Vries as ouderling

Formuliergebed

Ondertekening van die ondertekeningsformulier

Ps 134 : 4 (Staan)

Laat, HEER, u seën op hul* daal,

u guns uit Sion hul* bestraal!

U wat beveel en - dit geskied,

wil, HEER, u seen oor hul* gebied!

Opname van lidmate

<u>Ps 20 : 2</u> (Staan)

Mag Hy sy heil en bystand stuur

uit hoë heiligdom,

en u uit Sion ondersteun,

van waar u hulp sal kom.

Ps 20 : 4

Mag Hy, die ryke God, u gee
al wat u hart verlang!
Vervulling van wat u beraam -
mag u dié guns ontvang!

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

<u>Sb 15-1:1</u> (Staan)

Ek buig voor God die Vader biddend neer,

Voor Hom deur Wie gelowiges mag lewe:

Dié reeds verhoog, in hemele verhewe,

En dié wat nog in aardse tyd verkeer.

Sb 15-1:2

Mag God nou deur sy Gees in julle werk,

Jul uit sy ryke heerlikheid bekragtig

Sodat in julle woon die Christus magtig

En jul in liefde vasstaan, stewig, sterk.

Sb 15-1:3

Mag jul begryp hoe wyd dié liefde strek,

Hoe diep en hoog – vér ons verstand te bowe!

Mag julle wat met almal saam gelowe,

Dit in Gods volheid ken en klaar ontdek.

Sb 15-1:4

Aan Hom wat kragtiger in ons kan werk

As wat ons bid of dink – aan Hom, die Here,

Bring ons in Christus ewig, ewig ere!

Amen! Aan Hóm die ere in die kerk!

Wegstuurseën
Amen Amen Amen